MAART / APRIL 2018

"Roep My aan en Ek sal jou antwoord" (Jer. 33:3)

JAPANSENDING

Geroep om te Dien

# GOD SE LIEFDE IN AKSIE

Machiko Watanabe is in Desember 1969 in Osaka gebore. "My vader en sy ouers was Boeddhiste, maar my moeder het nie in enige god geglo nie," het sy gedeel. "Ek het somtyds na tempels en altare gegaan om vir goeie geluk te bid, maar ek het nie werklik geglo nie, want my moeder het my vertel dat 'n god nie regtig bestaan nie.

My ouers het nie klaargekom nie; derhalwe het ek gevoel asof ek grootgeword het in 'n gesin waar ek nie geliefd gevoel het nie. My vader het gedrink en my moeder mishandel. Hy was onverantwoordelik met geld en was nie bereid om my, my jonger broer en suster, groot te maak nie. Sodoende het my ma ons drie baie streng grootgemaak, terwyl sy hard gewerk het om geld te verdien vir die huishouding. My ouers het later uitmekaar gegaan, maar nooit geskei nie.

Dit is waarskynlik hoekom my droom sedert my vroeë kinderjare was om 'n liefdevolle man te ontmoet wat my sal koester en om 'n hegte gesin van my eie te hê. Ek onthou dat ek in seuns geïnteresseerd begin raak het voordat ek na die junior hoërskool sou gaan. Ek het begin uitkyk na iemand wat 'n wonderlike toekomstige



*Machiko Watanabe*

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO**
**IKOMA CITY, NARA KEN**
**630-0266, JAPAN**
**Tel: 0081-743731754**
**Faks: 0081-743731681**
**www.japanmission.org**
**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**POSBUS 30106**
**WONDERBOOMPOORT 0033**
**Tel: (012)377-1533**
**083 719 0227**
**Faks: (012)377-1533**
**sa@japanmission.org**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

lewensmaat sal word, maar ek was nog onvolwasse. Ek het dikwels verskeie dinge by die seuns gesien waarvan ek nie gehou het nie, daarom het my gevoelens vinnig afgekoel.

Toe ek 26 was, het ek met 'n man getrou met wie ek vir 8 jaar nou en dan uitgegaan het, maar dit het nie uitgewerk nie. Ons het na 'n jaar en 'n half geskei. Ek het daarna met 'n hele aantal verskillende mans uitgegaan, maar dit het ook nie uitgewerk nie en ek het depressief begin raak.

Gedurende 2008 het ek by 'n handelsdepartement begin werk wat vereis het dat ek baie ure oortyd moes werk. Die ure was so lank dat ek heeltemal my doel in die lewe verloor het. Ek is verswelg deur opstaan, werk toe gaan en dan huis toe gaan op die laaste trein, om net die volgende dag weer dieselfde te doen. Ek het nie een dag verlof gedurende 'n hele maand se werk gehad nie! Ek het vasgevang, eensaam en depressief gevoel. Ek het alle betekenis en die doel in my lewe verloor en gevoel dat die enigste manier om uit hierdie situasie te kon ontsnap was om my lewe te beëindig.

Op daardie tydstip is ek gekontak deur 'n man in Switserland wat vroeër 'n klasmaat was toe ek by 'n taalskool in Engeland studeer het. Dit het daartoe gelei dat ek my werk bedank en Switserland toe gegaan het. Ek het die land leer liefkry en begin droom oor 'n troue met 'n Switser en om permanent daar te bly.

Ek het toe 'n man met hoëgraadse outisme ontmoet. Ek het aangetrokke tot hom gevoel, gedeeltelik omdat ek geleer het dat mense met hierdie toestand nie goed is om leuens te vertel nie en geneig is om baie eerlik te wees. Ek het gedink dat dit makliker sal wees om 'n verhouding met hom aan te knoop as met 'n 'normale' man en het met hom begin uitgaan. Na 'n paar maande het hy my gevra om te trou. Ek het gevoel dis miskien my laaste kans om geluk te vind.

Ek het in sy woonstel ingetrek waar hy en sy ma gebly het en begin Duits leer. Ek het gedink alles sal vlot verloop, maar 'n maand later het die verhouding tussen ons drie gespanne geraak en ek is gevra om uit te trek.

Ek het vir hulp by die skool en toerismeburo aangeklop, maar hulle kon my nie help om 'n blyplek te kry nie. Die skool het ook vir my gesê dat hulle nie my studiegeld kon terugbetaal nie. Ek het dus nie geweet wat om te doen nie. Ek wou nie terugkeer na Japan waar ek vroeër so hard gewerk het en so eensaam was nie. Ek was heeltemal raadop en het al my hoop en energie verloor om aan te gaan. Ek het dit oorweeg om die baie slaappille wat ek van Japan af gebring het, te drink en om êrens in die mooi platteland van Switserland 'n einde aan my lewe te maak.

Die volgende dag by die skool het een van my klasmaats, Carol, gemerk dat iets verkeerd is en met my gepraat. Ek het verduidelik wat gebeur het. Dit was die eerste stap wat ek onwetend na die deur van verlossing geneem het. Sy het my gevra om een dag te wag, aangesien sy miskien vir my 'n blyplek kon kry. Die volgende dag het ek saam met twee van Carol se vriendinne, Rachel en Astrid in 'n woonstel ingetrek. Dit was 'n wonderbaarlike en ongelooflike wonderwerk!

Ek kon nie verstaan hoekom hierdie twee dames gewillig was om 'n Japannese persoon wat hulle glad nie geken het nie te aanvaar, en met geen voorwaardes nie. Hulle het gesê dat ek enige van die kamers kon kies, vrylik van die kos in die yskas kon eet en dat ek nie huur hoef te betaal nie!

Ek het later uitgevind dat hulle Christene is wat God se liefde wou wys deur iemand soos ek te help wat moeilike tye in die gesig staar. Dit het gelyk asof hulle so 'n aangename en blymoedige manier van lewe gevoer het. Ek het gedink dat dit lekker sal wees om soos hulle te wees en hulle gevra om my van die Bybel en die leringe van Jesus Christus te leer.

Een dag het ek met Carol my kinderjare en die moeilike en eensame ondervindinge van my verlede gedeel. Sy het gesê, ***'Jy mag jou hele lewe lank gedink het dat jy alleen is, maar in werklikheid was Jesus altyd daar vir jou en het Hy oor jou gewaak. Hy weet van al jou swaarkry en hartseer en het vir jou gewag om tot 'n besef van sy teenwoordigheid te kom. Ons kan Hom nie sien nie, maar Hy is op die oomblik by ons in hierdie kamer en luister na ons gesprek.'***

"Die oomblik toe ek hierdie woorde gehoor het, is my hart met 'n warm gevoel gevul en trane het uit my oë gevloei. Ek het verstaan dat ek na alles nie alleen was nie! Boonop het ek besef dat die depressie waaraan ek soveel jare gely het, wat nie deur medikasie of behandeling genees kon word nie, skielik weg was! Ek het later gewonder hoekom ek so 'n sterk begeerte gehad het om my lewe te beëindig en kon maar net vir myself lag omdat ek so dom was.

Ek het in die verlede nooit in godsdiens, gode of Boeddha geglo nie, maar ek is wonderbaarlik verseker van God se bestaan toe ek verseker begin raak het van sy ontsagwekkende liefde vir my. Ek is wedergebore en het in Januarie 2010 Jesus as my Here en Verlosser aangeneem. As ek so terugkyk, besef ek dat God my goedgunstiglik toegelaat het om 'n moeilike pad te loop om my te help om my hardkoppigheid te oorkom en tot die besef van my behoefte aan 'n Verlosser te kom. My ouers, vriende en kêrels is almal onvolmaakte mense wat foute maak. God het hulle in my lewe gebruik om my

## DIE SENDING SE UITREIKINGS - "BID VIR ONS"

- Bybels en Leesstof
- Studente Uitreiking
- Bejaardes Uitreiking
- Evangelisasie Byeenkomste
- Oudiovisuele Uitreiking
- Hospitaal Evangelisasie
- Engelse Evangelisasie

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** **teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie. Ons trag om alle donasies persoonlik te erken, maar ongelukkig verskyn daar dikwels nie voldoende inligting op die bankstate nie.**

**▪ Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie 'n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.**
**Dit sal 'n groot hulp wees indien die donateur se NAAM en TELEFOONNOMMER duidelik op die Bank Deposito-strokie of Debietorder of Internet oorbetaling verskyn.**

**▪ Met opregte waardering erken ons die volgende bankinbetalings waarvoor daar ongelukkig nie voldoende inligting op die bankstate verskyn nie:**

**STANDARD BANK:- 4/1/2018, 8/1, 16/1, 20/1, 22/1, 29/1, 31/1 George, 2/2, 5/2, 16/2, 20/2.**

**ABSA BANK:- 1/1, 2/1 NLM, 2/1, 4/1, 10/1, 15/1, 16/1 Kleinmond, 16/1, 18/1, 22/1, 26/1, 29/1, 29/1 Bybels, 1/2, 2/2 NLM, 2/2 Bybels, 5/2 Tzaneen, 7/2 Bybels, 10/2, 16/2, 18/2/2018.**

**▪ Tjeks kan aan JAPANSENDING betaalbaar gemaak en gekruis word. Dit is egter nie veilig om banknote per pos te stuur nie. 'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van STANDARD BANK of ABSA BANK of 'n debietorder kan gebruik word.**

**Nogmaals BAIE DANKIE, liewe vriende. Mag die Here u seën.**

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

***(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08***

desperate behoefte aan my te wys en my te verlos van 'n leë en eensame lewe wat met swaarkry gevul was.

Ek weet nou dat God volmaak is en nie foute sal maak of my vertroue sal skend nie. Ek kry nou bemoediging van die Here se Woord en weet dat Hy vir my lief is, sodat ek nie eensaam en depressief word wanneer ek met moeilike omstandighede soos in die verlede gekonfronteer word nie. God is werklik liefdevol, getrou en ewig."

***Die Here het aan my verskyn uit die verte: 'Ja, Ek het jou liefgehad met 'n ewige liefde; daarom het ek jou getrek met goedertierenheid'*** (Jeremia 31:3).

Ek het na Japan teruggekeer kort nadat ek die Here as Verlosser aangeneem het. Ek het gesukkel om 'n goeie kerk te vind. Ek het na 'n kerk toe gegaan, maar dit was baie formeel en nie wat ek verwag het nie. Die kerk in Switserland is 'n huiskerk wat meer informeel was. Ons het dikwels saam geëet tydens ons getuienisse en bestudering van die Woord van God. Die kerke in Japan blyk meer tradisioneel te wees en dit was vir my moeilik om vriende te vind.

Ek het uiteindelik 'n sendeling van die VSA gevind wat bereid was om weekliks saam met my Bybelstudie te doen. Ek het vir drie jaar lank dit volgehou totdat ek 'n internasionale kerk in Osaka begin bywoon het. Daar het ek uiteindelik 'n gemeenskap gekry waar ek vriende kon maak en tuis gevoel het. Ek dien tans by hierdie kerk as sekretaresse." ***Bid*** dat God sal voortgaan om Machiko te seën, te beskerm en haar te lei.

"Ek ontmoet soms my pa. Hy is redelik bejaard en kan nie meer drink nie as gevolg van sy swak gesondheid. Hy is spyt oor die swak besluite van die verlede, maar bly steeds 'n hardkoppige Boeddhis. Hy bly tans alleen, maar ons kom bymekaar as 'n familie met verjaarsdae en verskeie spesiale geleenthede." ***Bid*** dat mnr. Watanabe se oë sal oopgaan en dat hy 'n ware openbaring van die Here sal ontvang.

"Ek bly nou by my ma. Sy is ook taamlik oud en benodig spesiale versorging. Sy glo nie in Jesus soos ek doen nie, maar as ons eet, sit sy haar hande bymekaar en wag vir my om te bid. Sy blyk toeganklik te wees, maar woon nie die kerk by nie, behalwe met spesiale geleenthede soos Kersfees." ***Bid*** dat mev. Watanabe Jesus as haar Here en Verlosser sal vind.

## KERKVOORSTELLINGSDIENS

Dit was vir Michiko Watanabe moeilik om 'n kerk te vind toe sy teruggekeer het na Japan. Baie Japannese sukkel om 'n goeie kerk te vind wanneer hulle terugkeer na hulle vaderland. Japansending bied 'n noodsaaklike diens aan om diegene wat na 'n plaaslike kerk soek te help. Ons doen ons bes om mense voor te stel aan 'n kerk wat die beste aan hulle behoeftes voldoen. As u weet van enige Japannese wat na Japan terugkeer, bring hulle asseblief in kontak met ons.

## BYEENKOMSTE IN DIE VERENIGDE KONINKRYK

Dawid en Sue Verwey beplan om DV gedurende Mei en Junie 2018 na die VK te reis om byeenkomste te hou en vriende en ondersteuners van Japansending te besoek. ***Bid asseblief*** vir beskerming en dat die Here hulle die vermoë sal gee om die visie van die werk in Japan effektief oor te dra.

## JAPANORAMA - DOOD AS GEVOLG VAN OORWERKTHEID

Een uit elke vyf werkers in Japan loop die risiko om 'n beroerte of hartaanval van oorwerktheid te kry. In 2013 het 'n 31-jarige joernalis gesterf nadat hy 159 uur oortyd in een maand gewerk het. Daar is bevind dat een werker wat onlangs gesterf het vir die laaste 10 jaar 14 uur per dag sonder verlof gewerk het. 'n Werksweek van 40 uur is standaard, maar word nie goed nagekom nie. Een uit elke vyf maatskappye se werkers werk gereeld weekliks tot 20 uur oortyd. Dit is algemeen vir werkers om nie al hulle vakansieverlof waarop hulle geregtig is te neem nie, as gevolg van druk van hulle kollegas en die maatskappy. Werkers werk oor die algemeen ongeveer 10% meer ure as hulle gelykes in die VSA en 35% meer as werkers in Europa.

Daar word nou meer gedoen om die noodlydende mense te help deur noodlyne wat opgestel is. Kroniese oorwerktheid is ook offisieel erken as 'n bedryfsiekte, wat oorlewendes help om vir kompensasie te eis, alhoewel min eisers in werklikheid finansiële skikkings ontvang.

## NUWE WEBTUISTE

Japansending het 'n nuwe webtuiste geskep. Besoek ons asseblief en bly op hoogte met die ***nuutste nuus en gebedsversoeke*** by:

**www.japanmission.org**